Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 27 JULIE 2017 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Bess, D G (DA)
Bekebu, Z (ANC)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Fortuin, C B (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Maart, E S M (DA)
Papers, C H (DA)
Penxa, B J (ANC)
Philander, D B (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat- en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker versoek 'n minuut van stilte in medelye met rdl N S Zatu met die afsterwe van sy Moeder.

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, open die vergadering met skriflesing en gebed op versoek van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat gedurende Junie en Julie verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle V D McQuire, L E Mfutwana, B J Stanley en N S Zatu.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 25 MEI 2017

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 25 Mei 2017 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 16 MEI 2017
saamgelees met
NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 3 MEI 2017

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 14 JUNIE 2017

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 4 MEI 2017

6.2 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 30 MEI 2017

7. SAKE VIR BESPREKING

7.1 IMPLEMENTERING VAN VLAK 4-WATERBEPERKINGSMAATREËLS (16/1/1/7)

Die Uitvoerende Burgemeester hou die damvlakke voor en is dit kommerwekkend dat die vlakke ongeveer 20% laer is as dieselfde tyd verlede jaar. Daar word dus 'n ernstige beroep op alle inwoners gedoen om water spaarsamig te gebruik.

Rdl D B Philander herhaal die versoek soos voorgelê tydens die instelling van die Vlak 3-waterbeperkingsmaatreëls dat, met die gepaardgaande aanpassing in die watertarief, water onbekostigbaar raak. Rdl Philander doen 'n beroep op die Raad om pro-aktief op te tree en toe te sien dat water bekostigbaar is vir alle inwoners in die Swartland.

Tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou 19 Julie 2017 is die volgende besluit en word voorgelê **VIR KENNISNAME** deur die Raad –

(a) Dat die bestaande Vlak 3-waterbeperkings herroep en goedkeuring verleen word dat die voorgestelde Vlak 4-waterbeperkingsmaatreëls, soos vervat in **Aanhangsel A** tot hierdie verslag, met ingang vanaf 1 Augustus 2017 geïmplementeer word;

(b) Dat bogemelde beperkings nie sal geld:
(i) waar spesiale vrystelling skriftelik deur die Munisipaliteit verleen word nie;
(ii) waar ander bronne van nie-drinkbare water gebruik word en 'n kennisgewing waarop die bron aangedui word, opgerig is op 'n plek waar dit duidelik sigbaar is;

(c) Dat die Munisipaliteit die reg voorbehou om 'n *Aqualoc*-watermeter (wat waterverbruik op 'n daaglikse basis reguleer) te installeer in daardie gevalle waar water misbruik word;

(d) Dat die Munisipale Bestuurder volmag verleen word om, in terme van artikel 69(2) van die Verordening rakende Watervoorsiening, Sanitasiedienste en Nywerheidsuitvloeisel, afwykings, vrystellings of verslappings ten opsigte van die bepalings op redelike gronde te mag verleen;

(e)/…

7.1/…

(e) Dat die volgende 40% watertariefaanpassing wat reeds as deel van die begrotingsproses vir implementering in noodtoestande deur die Raad op 25 Mei 2017 goedgekeur is, geïmplementeer word met effek vanaf die diensterekeninge wat gedurende Augustus 2017 vir betaling teen 31 Augustus 2017 gelewer sal word:

Ten opsigte van huishoudelike verbruikers –

	Tarief per eenheid (kiloliter)
0 tot 4 kl	R6,30 plus BTW
5 tot 25 kl	R17,61 plus BTW
26 tot 50 kl	R24,25 plus BTW
51 kl en meer	R37,53 plus BTW

Ten opsigte van besighede (ingesluit skole, regeringsinstellings en sportklubs) – R25,00 plus BTW vanaf die eerste kiloliter verbruik

(f) Dat 'n openbare kennisgewing in bostaande verband in die media, asook op die webtuiste en sosiale media-platform (*Facebook*) gepubliseer word, by die biblioteke en betaalpunte van die Munisipaliteit getoon word en ook per hand aan individuele huishoudings uitgedeel word;

(g) Dat 'n aansoek tot die Departement Justisie gerig word om die boete van R500,00 wat geld vir oortredings van die waterbeperkings, te verhoog;

(h) Dat die besluit aan die Raad voorgelê sal word vir kennisname;

(i) Dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste getaak word om
- ondersoek in te stel en 'n gebeurlikheidsplan op te stel betreffende die aanwending van alternatiewe waterbronne, in oorlegpleging met al die relevante owerhede, ingesluit die Departement Waterwese en Sanitasie en die Weskus Distriksmunisipaliteit; en
- om voortspruitend uit gemelde ondersoek projekte te identifiseer wat moontlik vir befondsing vanuit die nasionale rampbestuursfonds sal kwalifiseer, bv. die suiwering van rioolwater vir menslike gebruik.

7.2 ONDERSOEKE NA ONREËLMATIGE UITGAWES ASOOK VRUGTELOSE EN VERKWISTE UITGAWES IN TERME VAN ARTIKEL 32 VAN DIE WET OP MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUUR, 2003 (5/15/1/5)

Daar moet op 'n kwartaallikse basis aan die Raad verslag gedoen word insake enige ondersoeke na ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwiste uitgawes. Sedert Januarie 2017 is daar geen nuwe gevalle aan die Dissiplinêre Raad voorgelê nie.

Rdl D B Philander spreek sy kommer uit dat die toesighouer nie verantwoordbaar gehou is deur die nie-skuldigbevinding nie, en dat die uitslag van die dissiplinêre verhoor 'n presedent skep. Die Munisipale Bestuurder bevestig dat voldoende kontroles intussen in plek gestel is.

BESLUIT
(op voorstel van rdv M S I Goliath, gesekondeer deur rdl D B Philander)

(a) Dat daar kennis geneem word van die vordering ten opsigte van saak rakende die ongerymdhede met die aankoop van materiaal:
  (i) Dat die ondersoek voltooi is en 'n groot gedeelte van die verlies verhaal is van die beskuldigde deur beslag te lê op die persoon se voorsorgfonds betaling asook die instel van 'n versekeringseis;

  (ii) Dat die oorblywende bedrag van R70 530.47 wat bereken is as die verskil tussen die aanvanklike verlies en die verhalings, afgeskryf word indien dit nie deur die versekering uitbetaal word nie; en

  (iii) Dat voldoende voorkomende en opsporende kontroles ingestel word om die diefstal van materiaal te voorkom of te beperk.

7.3 JAARVERSLAG AANGAANDE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENING-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE FINANSIËLE JAAR EINDIGEND 30 JUNIE 2017 (8/1/B/2)

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Raad voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid.

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2016 tot 30 Junie 2017 is met die sakelys gesirkuleer.

Rdl D B Philander rig verskeie navrae uit die Afwykingsverslag en word dit deur die Administrasie aangespreek. Rdl B J Penxa versoek dat die Afwykingsverslag in Engels beskikbaar gestel word, aangesien dit nie regverdig is dat dokumente slegs in Afrikaans aan die Raad voorgelê word nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl E S M Maart)

(a) Dat kennis geneem word van die Jaarverslag van die Voorsieningskanaal-bestuursbeleid se implementering ingevolge artikel 6(2)(a)(i) van die Regulasies, asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);

(b) Dat verder kennis geneem word van die dienste gelewer vir die tydperk 1 April 2017 tot 30 Junie 2017 met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties was om die mark te toets en dus ‘n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid genoodsaak het (Aanhangsel D).

7.4 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): APRIL – JUNIE 2017 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag word voorgeskryf deur artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Die voorlegging van die verslag aan die Raad dien as een van die Uitvoerende Burgemeester se algemene verantwoordelikhede om die Raad in te lig insake die implementering van die begroting en die stand van die finansiële sake van die munisipaliteit.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 April 2017 tot 30 Junie 2017.

7.5 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOMME (RESIDENSIËLE EIENDOMME) TE MALMESBURY (12/2/5/4-8/17)

Gebaseer op die aantal navrae wat ontvang word aangaande die beskikbaarheid van residensiële eiendom in Newclair en Dalsig, word aan die hand gedoen dat die onroerende eiendomme, soos in die verslag vermeld, by wyse van ‘n openbare tender vervreem word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl R F van der Westhuizen, gesekondeer deur rdv M S I Goliath)

(a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die Verordening en Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates dat finansiële aanbiedinge by wyse van openbare tender gevra word vir die vervreemding van die volgende vakante onroerende (residensiële) eiendomme in Malmesbury:
- Erf 55 (889 m² groot), hoek van Auction- en Rhodesstraat
- Erf 3106 (713 m² groot), Plataanstraat
- Erf 3129 (620 m² groot), Plataanstraat

7.5(a)/…

- Erf 3102 (870 m²), Plataanstraat
- Erf 3109 (713 m²), Kameelboomstraat
- Erf 3092 (844 m²), Peperboomstraat

(b) Dat kennis geneem word dat die eiendomme wat te koop aangebied staan te word uit die staanspoor vir vervreemding as residensiële eiendomme geïdentifiseer is in terme van die sonering daarvan en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste geoormerk is nie;

(c) Dat, soos in die geval van die ander residensiële eiendomme wat die afgelope twee jaar in Dalsig en Newclair van die hand gesit is, die reserwepryse vir die betrokke ses eiendomme ook vasgestel word teen 70% van die munisipale waardasie (datum van waardasie: 1 Julie 2015), vir die volgende redes:

- Gemelde erwe nie in die onlangse verlede ontwikkel is nie, maar reeds vir talle jare vakant is (Newclair-erwe sedert 1987) en die ontwikkelingskoste daarvan dus reeds ten volle verhaal is;
- Daar 'n begerigheid bestaan om aan die voornemende toetreders tot die eiendomsmark die geleentheid te bied om dit wel te doen aangesien van hulle in die sg. "GAP" kategorie val;
- Daar kennis geneem word van die inkomste wat verlore gaan weens die feit dat die erwe vakant is en nie oor eienaars beskik wat 'n verantwoordelikheid het ten aansien van beskikbaarheidsgelde en gelikwideerde skadevergoeding nie;

(d) Dat die reserwepryse (BTW uitgesluit) vir die eiendomme gevolglik vasgestel word soos volg, welke reserwepryse deur die Raad geag word die markwaarde daarvan billik te reflekteer:

Erf 55	R168 000,00
Erf 3106	R136 150,00
Erf 3129	R122 850,00
Erf 3102	R158 550,00
Erf 3109	R136 150,00
Erf 3092	R154 700,00

(e) Dat die voorneme van die Raad om die eiendomme by wyse van publieke mededinging te koop aan te bied, vir kommentaar en/of besware geadverteer word;

(f) Dat volmag verleen word

(i) <u>aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee</u> om

- te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome transaksies ontvang word; en om
- die aanbiedinge wat ontvang word vir die eiendomme te oorweeg vir aanvaarding al dan nie, en om 'n besluit te finaliseer rakende die oordrag van die bates;

(ii) <u>aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste</u> om die voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, asook die raadsprokureur;

(g) Dat goedkeuring verder verleen word dat indien bogemelde eiendomme onverkoop bly na afloop van die betrokke mededingende proses, dit uit-die-hand-uit op 'n 'first come first serve' basis verkoop mag word teen die reserwepryse soos voormeld, onderhewig daaraan dat die Munisipaliteit sy voorneme om die eiendomme vanaf 'n gegewe datum uit-die-hand-uit te verkoop, bekend sal maak, en met dien verstande dat die verkope van sodanige eiendomme beperk sal word tot hoogstens een erf per koper en dat die reservering van eiendomme vir 'n bepaalde koper beperk sal word tot 'n periode van hoogstens een kalendermaand.

7.6/...

7.6 VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN GEDEELTES VAN ERF 326, RIEBEEK-WES (12/2/5/2-12/1)

Die Munisipaliteit is gedurende 2016 deur beide *Group 35 Foods (Pty) Ltd* en *Kaap Agri* genader om gedeeltes van erf 326, Riebeek-Wes te bekom vir konsolidasie met hul onderskeie eiendomme.

Erf 326, Riebeek-Wes bestaan uit ‘n aantal industriële erwe wat as deel van die Riebeek-Wes Behuisingsprojek goedgekeur was vir toekomstige ontwikkeling.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen in terme van die toepaslike Verordening asook Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat die volgende gedeeltes van erf 326, Riebeek-Wes vervreem en oorgedra word soos aangetoon:
- Gedeelte A (groot 896 m²) aan *Group 35 Foods (Pty) Ltd* ten bedrae van R80 640,00 BTW uitgesluit, vir konsolidasie met erf 1700, Riebeek-Wes;
- Gedeelte B (groot 739 m²) aan *Kaap Agri* ten bedrae van R66 510,00 BTW uitgesluit, vir konsolidasie met erf 602, Riebeek-Wes

(b) Dat kennis geneem word dat voormelde gedeeltes grond uit die staanspoor vir nywerheidsdoeleindes gesoneer is, en as sulks in geen stadium vir die verskaffing van ‘n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste benodig is of word nie;

(c) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om ‘n openbare mededingingsproses te deurloop:
(i) Gemelde gedeeltes grond as ‘nie-bestaanbare bates’ kwalifiseer, weens die feit dat dit ongediens is en nie van ‘n formele toegangspad voorsien is nie, en as sulks slegs funksioneel sou word indien dit vervreem of verhuur word aan ’n aangrensende eienaar of eienaars vir konsolidasie met bestaande eiendomme;
(ii) Die eiendom in hierdie stadium en as synde onontwikkeld en ontoeganklik slegs sinvol aan die eienaars van erwe 1700 en 602 vervreem kan word, en nie aan enige ander persoon of entiteit nie.

(d) Dat die volgende voorwaardes sal geld:
(i) Die kopers sal verantwoordelik wees vir alle aanvullende en toevallige kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, ingesluit advertensiekostes, oordragkostes en die kostes wat verband hou met opmeting en toepaslike grondgebruiksprosesse (ingesluit die registrasie van die toegangspad ter sprake) asook die kostes van konsolidasie;
(ii) Indien enige bogrondse of ondergrondse diens of dienste vervang, verskuif en/of by wyse van serwituut beskerm moet word, die volle uitgawe daaraan verbonde vir die koste van kopers sal wees;
(iii) Daar van die raadsprokureur se dienste gebruik gemaak word om die verkoop-ooreenkoms op te stel en oordrag aan die kopers te bewerkstellig;

(e) Dat die uit-die-hand-vervreemding van die eiendomme vir publieke kommentaar geadverteer word, en – indien enige besware ontvang word – die Uitvoerende Burgemeesterskomitee met volmag beklee word om daarmee te handel, en om die transaksie te mag finaliseer;

(f) Dat alvorens die voorneme geadverteer word, skriftelike bevestiging van die aansoekers bekom word dat daar ingestem word tot die voorwaardes soos vervat in hierdie verslag;

(g) Dat volmag verleen word aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die verkoopooreenkoms te mag finaliseer en onderteken.

GETEKEN:
SPEAKER